Oordenking
30 Junie 2010

Die Skepping sug en kla.

In Romeine 8: 18 – 27 leer van van drie versugtinge wat deel vorm van die karakter van die tyd waarin ons leef. Die skepping sug in pyn en verwagting op bevryding; ons, Christene, sien uit na verlossing uit 'n bestaan in 'n onvolmaakte wêreld vol dood en pyn. Maar ons lees ook dat die Gees in meegevoel met ons hartseer, voor die Vader sug en pleit vir ons bevryding van hierdie doodsbestaan.

Rom 8:18 – 22 vertel van 'n skepping wat gespanne wag op bevryding.
Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.

Al drie versugtinge waarvan ons in Rom 8 lees, herinner ons daaraan dat ons nog nie tuisgekom het by God se ewige huis nie!
Terwyl ons wag op die heerlikheid wat kom, is ons diep bewus daarvan hoe die hele skepping swaarkry as gevolg van ons sonde. Ons planeet ly onder die mens se gierige, selfsugtigheid. Die aarde en alles daarop kry swaar omdat ons so min liefde en respek het vir alles wat die Skepper so wonderlik gemaak het.

Ons hoor duidelik die ekologiese weeklaag wat elke spesie en die wêreld self raak. Ons sien ook dat daardie lande wat die grootste bydrae tot hierdie agteruitgang gemaak het, die minste gewilligheid toon om reg te stel wat ons so redeloos beskadig het.

Dis 'n ernstige aanklag teen die kinders van Adam en onteenseglike getuienis daarvan dat die mensheid in diepe sonde geval het. Dit beklemtoon dat die Dag van die Here nog nie finaal aangebreek het nie. Die skepping sug en kla en stry om oorlewing. Dit wag op die kinders van God om bekend te word as mense wat omgee en respek het vir die handewerk van ons God. Die skepping wag gespanne daarop dat ons verantwoordelike verteenwoordigers van God op aarde sal wees wat in woord en daad optree teen die verwoesting van God se groot kunswerk op aarde.

En tog is daar nog baie skoonheid in die wêreld oor. Dink aan die wonders en verskeidenheid van plant en dierelewe.
Onthou weer die mooiste van die skepping wat jy al gesien het! Met sulke skoonheid wat kom van 'n skepping wat ly onder die mens sonde, stel jou voor hoe wonderlik en uitsonderlik die nuwe aarde gaan wees wat héél temal vry van gevolge van die sonde van die mens gaan wees. Die skepping en God verlang na daardie volmaakte dag. Ons gaan nie net 'n nuwe hemel erf nie, maar ook 'n volmaakte, wonderskone nuwe aarde.

As ons regtig glo dat God sy skepping volmaak wil herstel, sal ons as God se kinders sovêr ons kan die wonders van die skepping beskerm en red. Ons sal passievol wees oor God se groot kunswerk. Ons sal die kleinste moontlike voetspoor laat van ons sondige en selfsugtige bestaan en gierigheid. Dit is deel van ons getuienis dat ons glo dat die Here ons grootste verwagtinge op die groot dag van Christus sal oortref. Op daardie dag sal ons finaal bevry word van ons klaaglied as gevolg van sonde, hartseer, pyn en dood. Ons sien uit daarna om ewig, in totale harmonie met alles wat God gemaak het, te lewe.

Wat 'n volmaakte en volkome verlossing het ons nie ontvang nie. Wat 'n wonderlike erfenis is dit nie!
Wat 'n heerlike Verlosser dien ons nie!